Hallo almal!

Dis darem net te wonderlik om te sien hoe die seisoene heeltyd verander. Hier in Zambië het die reën laat gekom, maar dit hou ook nou later aan. Ons kry nou nog gereeld 'n donderstorm wat ietwat van 'n problem is, want die bietjie mielies wat geoes moet word, bly nat. Die gevaar is dan natuulik dat dit sal vrot op die lande.

Projekte en persoonlik

Met die baie reën, is die velde sopnat en die paaie ietwat onbegaanbaar, maar Lourie en 2 van ons besoekers besluit dat ou tannie Munagaba (die weduwee van oor 'n 100) nou al baie honger moet wees en durf toe die veld aan. Sy woon stoksielalleen so 10km van die basis af, diep-diep die bos in! Wel, dit raak toe al donker en hulle keer nie terug nie.Geen teken van die manne nie... gelukkig het Lourie 'n tweerigting radio by hom en laat weet my toe dat hulle in 'n tweespoorpaadjie vasgeval het, en dat dit so erg is dat die bakkie se onderstel vas is in die modder. Na ure se gegrawe en gespartel is die bakkie nog nie uit nie. Hoe nou gemaak? Hier is geen mens naby ons met soveel soos 'n kar nie en hulle kon ook nie eens osse te leen kry in enige van die naburige villages nie! Lourie hulle begin toe maar voetslaan terug kamp toe; 7km in die pikdonker nag! Nodeloos om te sê die bakkie moes toe maar agterbly. Met die mane terug by die huis onthou ons dat die verpleegster wat my help met die babadag, die volgende oggend sou kom en 'n oproep verder was als gereel.

Caroline Green bly ongeveer 40km van ons af en kon toe die volgende dag vir Lourie-hulle help om die bakkie uit te sleep. Toe Lourie-hulle by die bakkie kom, het van die naburige villagers 'n vuurtjie gemaak en deur die nag by die bakkie gewaak. Selfs met die ekstra viertrekvoertuig was daar nog steeds baie hande nodig om die bakkie uit te trek.

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children

No. 45 – 25 April 2010

Everybody is trying to get us out

Hello to you all

It is just so amazing to see how the seasons are changing out in Africa. The rains arrived quite late this year and we are still getting rain well into the month of April, which is unusual for our area. We still have thunder storms in the afternoon which is creating a problem because the wet maize cannot be harvested and it could be rotting in the fields.

Projects and personal

All the rain has left the fields wet and soggy and the roads out in the bush are difficult to manoeuvre and somewhat impassable in places nonetheless Lourie realised it had been some time since we took some food to auntie Munagaba. Remember she is the widow of about 100 years of age who lives all alone in her little hut about 10km away, deep in the bush. After dark I started getting worried but luckily Lourie had a walkie-talkie and let me know that the 4x4 got stuck out in the bush and after some hours of digging they are now going to abandon the vehicle and head back home. What do we do now? There is just no one around with any type of vehicle. Remember this is now 9 o'clock on a moonless night, 7km from home out in the bush. They then abandoned the vehicle and headed back home. Back home we remembered that the nurse who helps with the baby day would be coming the next day.

Caroline Green lives about 40km from us and would bring her husband's big 4x4 to pull us out of this difficulty. When they arrived back at the vehicle the next day they realised that some of the villagers had made a little fire near the vehicle and had been guarding the vehicle all through the night. Let me tell you even with the extra 4x4 we still needed quite a few hands to get the vehicle out.

Wonderlike nuus is dat die rekenaars vir die weeshuis gister aangekom het vanaf Engeland en ons moes inderhaas Lusaka toe (4 ure hiervandaan) dit te gaan oppik. Soos julle weet het ons 'n klein rekenaarkamer waar ons die kinders opleiding gee. Nou gedurende die skoolvakansie, kom werk die groot kinders vir 'n paar ure elke tweede dag en dan kry elkeen ook 'n uur rekenaaropleiding.

Gister was hier 15 kinders en Kenneth, een van ons werkers, het sy hande vol gehad om almal vir 3 ure besig te hou. Een van die kinders, William Dobola, help my nou om die “cup-cakes” te bak vir fondsinsameling. Dis so gewild, hy bak al elke dag meer as 100 en kan nie voorbly nie.

Nog goeie nuus is dat ons 5 van ons mense op die volgende dissipelskapkursus gaan stuur wat in Mei begin.

Gebedsversoeke

- Bid asseblief vir die kinders se geestelike en fisiese gesondheid. Malaria is erg.
- Bid vir die 5 manne wat die dissipelskap gaan doen.
- Ons se ook dankie dat die Here vir ons mense soos Caroline stuur, om in tye van nood te help.
- Se ook saam dankie vir die liefde/hulpvaardigheid van die Zambiers –hulle aanvaar ons soos familie

Baie liefde en groete van almal op Kanjanji.

Lourie & Gisela Ferreira

childrensvillage@kanjanji.com
✉ Posbus 630677, Choma, Zambië
www.kanjanji.com

Exciting news! The computers from England for the orphanage have arrived in Lusaka in the past week. As you know we have a small computer room where children are getting training in computers.

During their school holidays they would work for a few hours and then also get an hour's computer training. One of the children, William Dobola, who is not an orphan, is helping me with baking cup cakes to raise funds for schooling. He bakes about a 100 cup cakes every day and he just cannot stay ahead of the demand.

More good news is that 5 more people from around here are going to attend the next discipleship training starting in May.

Prayer requests

- Please pray for the children's spiritual and physical needs. Malaria is a real problem.
- Pray for the 5 men who are going to do the discipleship training.
- Thank God for people like Caroline and her husband, who can help in emergencies.
- Thank God for the love from the Zambians, they except us like family.

Love and best wishes from all of us at Kanjanji.

Lourie & Gisela Ferreira

childrensvillage@kanjanji.com
✉ PO Box 630677, Choma, Zambia
www.kanjanji.com

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children